# GROTER VERANTWOORDELIKHEID AS DIT, HET NIEMAND NIE

*P H Kapp (RAU)*

1. "Die Geskiedenisonderwyser is besig om die lense te slyp waardeur sy leerlinge eendag na die wêreld gaan kyk".
2. "History is not merely a subject among others, it is a way of thinking".

Hierdie twee uitsprake vat in 'n neutedop saam die kern van die groot verantwoordelikhede wat op die skouers van 'n Geskiedenisonderwyser rus. Hy moet vir sy leerlinge lense help slyp waarmee hulle die wêreld en sy probleme in 'n duidelike fokus kan sien en hy moet sy leerlinge toerus om denkend met dié vraagstukke om te gaan. Dit is 'n verantwoordelikheid van die hoogste graad en een waarmee elke onderwyser in die vak, van die laer- tot die hoërskool, besig is. Of hy nou besig is om vir die st 2-leerlinge van Jan van Riebeeck of die Voortrekkers verhale te vertel, en of hy met die matrieks die verstedeliking van die swartman behandel, is hy besig om iets van 'n houding, 'n gesindheid en 'n benadering by hulle te skep.

Die pedagogiese vormingswaarde van die vak is nie iets wat vanselfsprekend of outomaties tot sy reg kom nie. Dit moet op 'n bekwame en sensitiewe wyse deur die leerkrag ontsluit word. Maar hy is nie alleen in dié proses betrokke nie. Die kind word vir die lewe in 'n bepaalde kultuurgemeenskap gevorm en die onderrig van Geskiedenis is daarom 'n saak waarby die gemeenskap ten nouste betrokke is. Die onderrig van Geskiedenis is 'n potensieel sensitiewe saak. Indien die onderwyser in hierdie saak nie volgens die hoogste norme optree nie, kan hy sy leerlinge met blinde-vooroordeel, met verdraaide sienings en kennis en met 'n weerloosheid laat wat hom nie in staat sal stel om sy plek en standpunt te ken, te ontwikkel of te formuleer nie. In 'n land soos Suid-Afrika met sy probleme wat diep in die geskiedenis lê, sy mededingende magte en lojaliteite en sy sterk emosioneelbelaaide politieke problematiek, bevind die Geskiedenisonderwyser hom in 'n besondere posisie. Die Geskiedenis is in ons land 'n kragveld van motivering, mobilisering en die skepping van houdings en gesindhede wat vir die toekoms van die land konstruktief of destruktief kan wees.

Die onderwyser bevind hom midde in hierdie kragveld. As ontsluiter van die verlede moet hy vir sy leerlinge die sin van hierdie dikwels botsende kragveld probeer blootlê. Hy bevind hom nie in 'n laboratorium waar hy afsydig, kil en onbetrokke met formules die leerlinge kan afrig nie. As onderwyser staan hy as 'n eerlike makelaar teenoor die intieme persoonlike geestes-kulturele en intellektuele beset van elke kultuurgemeenskap in hierdie land. Hy is eerlike makelaar omdat hy nie anders mag as om waarheidsgetrou te wees nie en omdat hy die ingewikkeldhede van botsende belange en aansprake, die proses van spanning en stryd,

vir sy leerlinge moet ontsluit. In dié proses maak hy bemoeienis met die ontwikkeling van sy leerlinge se selfbeeld en hulle lewens- en wêreldbeeld. Om hierdie hoë verantwoordelikhede na te kom, is daar 'n paar belangrike dinge waarop gelet moet word:

1. Die onderwyser moet voortdurend van hierdie verantwoordelikheid bewus wees en hom daarmee vereenselwig. Dit beteken dat hy vir homself sal verantwoord hoe hy in elke stuk werk wat hy behandel, sy leerlinge lei en beinvloed.
2. Hy moet sy leerlinge leer om voortdurend denkend met vraagstukke om te gaan. Hy moet waak teen 'n eis wat blote memorisering van sy leerlinge verwag en hulle lei tot 'n eie oortuiging en 'n eie siening. Dit kan hy doen deur op 'n verantwoordelike wyse verskillende sienings van 'n saak aan sy leerlinge voor te hou, hulle op 'n eenvoudige wyse te leer om tot die kern van sodanige standpunte deur te dring en dit met mekaar te vergelyk.' Deur oorspronklike bronne te bestudeer en vir leerlinge begripstoetse te gee, kan hulle tot denke gestimuleer word.
3. Hy moet sy leerlinge daarvan bewus maak dat die vraagstukke waarmee in Geskiedenis gewerk word, ingewikkelde vraagstukke is waarvoor daar geen eenvoudige en simplistiese verklarings en antwoorde is nie.
4. Op hierdie wyse kan hy by sy leerlinge 'n ewewigtigheid ontwikkel wat beteken dat hulle moet leer om eers alle kante van 'n saak te hoor alvorens hulle 'n oordeel fel. Hulle moet geleer word om die sterk en swak punte van elke standpunt te identifiseer en dan hulle eie beginselstandpunt op die standpunte van toepassing te maak. So leer hulle deur werklike doen 'n noodsaaklike lewenshouding aan.
5. Die leerlinge moet ook geleer word om die unieke en die algemene in die geskiedenis te erken en te begryp. Die onderwyser moet hulle voortdurend daarop attent maak. In hierdie verband is die werklike verstaan van begrippe van die uiterste belang. Wanneer die unifikasies byvoorbeeld behandel word, kan op die unieke en op die algemene gewys word. Laasgenoemde veral soos beliggaam in die verskillende soorte nasionalismes, eersgenoemde soos beliggaam in dit wat eie aan Duitse en Italiaanse nasionalisme is.
6. Die onderwyser moet nie in 'n kleurlose neutraliteit verval nie. Hy moet 'n eie standpunt oor netelige kwessies hê maar hy moet altyd in sy standpunt vir sy leerlinge kan toon hoe hy tot 'n oorwoë standpunt gekom het.
7. Die probleme wat in die werk behandel word, moet tot in die hede deurgetrek word. Hy moet vir sy leerlinge kan aantoon hoe die bepaalde verskynsel nog in die hede funksioneer of hoe die gevolge daarvan in die hede lewe. Daarom moet hy bereid wees om tyd aan hierdie sake af te staan.
8. Die Geskiedenisonderwyser moet by uitstek die man vir die aktualiteit wees. Hy moet homself oopstel vir leerlinge se vrae oor wat in die hede aangaan en dit vanuit die historiese agtergrond vir die leerlinge uitlê. Hy moet nie leerlinge se standpunte afkraak of verdag maak nie maar hulle aanmoedig om te dink en hulle probleme te stel. Sy eie standpunt kan en moet hy met oortuiging stel, maar hy mag nie doktrinêr wees nie.
9. Hy moet by leerlinge 'n warme maar ewewigtige en verantwoorde waardering vir dit wat hulle eie is skep. Daarmee bind hy hulle aan hulle eie geesteskulturele wêreld maar leer by hulle terselfdertyd om dit te waardeer sonder om ander te minag. So skep hy 'n positiewe houding wat leerlinge help om hulle selfbeeld op 'n gefundeerde wyse te versterk.
10. Die onderwyser moet die voorbeeld stel van 'n positiewe, ondersoekende en ewewigtige mens. Daarom moet hy belese wees en moet naslaanboeke, tydskrifte en koerantuitknipsels altyd in sy klaskamer wees. Meelewing met sy tyd moet 'n kenmerk van sy aanbieding wees. Entoesiasme vir sy taak en 'n besef van die groot verantwoordelike werk wat hy doen, moet in elke les uit sy werk straal.

# GOK-OUDSTUDENT PRESTEER

In die loop van 1982 het 'n letterkundige drama met sterk historiese inslag, uit die pen van 'n oudstudent van GOK verskyn. Hierdie drama word eintlik as hoorspel of leesdrama aangebied, maar sal vir elke student wat in die geskiedenis belangstel nuttige stof tot nadenke wees.

Gert Johannes Rheeders begin sy skoolloopbaan aan die primêre skool Jan Celliers waarna hy aan die Hoër Tegniese skool John Orr matrikuleer. Gedurende 1978 skryf Gert in as student aan GOK met Geskiedenis en Afrikaans as hoofvakke. Hoewel die werk oor Lodewyk XIV reeds, in tentatiewe en ongeslypte vorm bestaan het, het dit 'n ruim historiese aanvulling en taalversorgingsproses ondergaan met die hulp van belangstellende dosente.

Hoewel die werk oor Lodewyk XIV nie as akademiese werk vir die skool of kollege t.o.v. die geskiedenisvakgebied voorgeskryf kan word nie word dit tog sterk aanbeveel as aanvullende leerstof.

Eksemplare kan bestel word van mnr G J Rheeders, Buckingham laan 88, Craighall Park, Johannesburg 2196.